Bybel vir Kinders

bied aan



'n Man gestuur deur God

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus
Aangepas deur: E. Frischbutter; Sarah S.
Vertaal deur: Yvette Brits
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Een dag het 'n man met die naam Sagarias wierook binne God se tempel gebrand. Aan die buitekant was mense besig om te bid. Sagarias het ewe skielik begin bewe.

'n Engel het aan hom verskyn. "Moenie bang wees nie," het hy gesê.



"God het my gestuur. Jou vrou gaan 'n seun hê. Noem hom Johannes. Hy sal gevul wees met die Heilige Gees vanaf geboorte. Hy sal baie mense na God toe lei."

"Praat met ons Sagarias." Die mense aan die buitekant was verward. Hulle het nie geweet dat die engel Gabriel vir Sagarias gesê het dat hy nie sal praat nie totdat sy baba gebore word nie, want hy het nie die boodskap van God geglo nie. Hy het gedink sy vrou is te oud om 'n baba te hê.

By die huis het Sagarias alles neer geskryf wat die engel hom vertel het. Elisabet sy vrou was verstom. Hulle het nog altyd gebid vir 'n kind. Kon dit nou gebeur?

Elisabet het gou agtergekom dat sy ‘n baba verwag. Sy het God geprys. Een dag het Elisabet se niggie Maria kom kuier. Maria het ook ‘n baba verwag.

Toe Maria arriveer het Elisabet se baba binne haar gespring. Elisabet was gevul met die Heilige Gees. Sy het geweet Maria se baba was die Here Jesus Christus. Die twee vroue het saam vir God geprys met vreugde.

Elisabet se baba is gebore soos God belowe het. "Noem hom Sagarias, soos sy Pa," het die priesters gesê. Sagarias het God se bevel onthou. "Nee! Die baba se naam is Johannes." Toe Sagarias dit neeskryf kon hy weer praat. Hy het die Here geprys.

Toe Johannes grootword was hy soos Elia, die groot man van God. Johannes het die mense vertel dat die Messias binnekort sou kom om hulle te seën. Joodse leiers het Johannes gehaat want hy het vir hulle gesê, "Berou! Stop om sonde te doen." Hulle wou nie hoor van hulle sondes nie.

Ander mense het hom Johannes die doper genoem, omdat hy mense onder die water gedompel het om te wys hulle is jammer oor hulle sonde.
Een dag het Jesus na Johannes toe gekom sodat Hy ook gedoop kon word.
"Jy moet my doop," Johannes wou dit nie doen nie.
Maar Jesus het gesê, "Laat dit so wees."
En Johannes het Hom gedoop.



Nadat Jesus gedoop is, het Johannes gesien hoe die Heilige Gees op Hom neerdaal in die vorm van 'n duif. Dit was God se teken. Johannes het geweet dat Jesus God se seun is. Johannes het Jesus die Lam van God genoem, die Een wat die werêld se sonde sou wegneem.



Johannes het baie mense na God gelei. Maar Herodes, die slegte regeerder het Johannes in die tronk gegooi. "Dit is 'n sonde vir jou om jou broer se vrou Herodias te vat as jou eie," het Johannes vir Herodes vertel.

Herodes het geweet dit is waar. Hy het geweet Johannes was God se dienaar, 'n regverdige en heilige man. Maar hy wou nie ophou sondig nie. En Johannes wou nie ophou preek teen sonde nie, al het dit die tronk beteken.

Op sy verjaarsdag het Herodes 'n groot partytjie gehou. Die dogter van Herodias het vir hom gedans. Herodes het dit baie geniet. "Jy kan enige iets kry wat jy wil hê," het hy belowe. "Selfs die helfte van my koningkryk."



"Waarvoor sal ek vra?" het die meisie gewonder. Haar bose ma Herodias wat vir Johannes gehaat het, het vir haar gesê waarvoor sy moet vra! Dit was verskriklik.

“Gee my Johannes die doper se kop op ‘n bord,” het die meisie aan Herodes gesê. Hy was jammer oor sy belofte maar te trots om dit te breek. “Onthoof Johannes en bring sy kop hierheen,” het Herodes beveel. Sy soldate het hom gehoorsaam.

Johannes
se vriende het
baie harsteer die
ligaam van God se
brawe en getroue
dienaar begrawe.

'n Man gestuur deur God

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Markus 6, Lukas 1, 3

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16